# NG KERK IN OOS-KAAPLAND

# NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE DAGBESTUUR VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 3 FEBRUARIE 2005

## 1. OPENING

1.1 Die voorsitter, ds EGJ de G Schutte, lei die opening.

1.2 Die vergadering sing Lied 196:1-2.

1.3 Ds Schutte lees voor uit Hebreërs 7:23-28.

1.4 Die eerste lesers was tweede en derde geslag gelowiges wat hulself afgevra het of dit die moeite werd is om Jesus te volg. Bied Hy nie minder as wat Hy vra nie? Sy beloftes het nog nie in vervulling gegaan nie. Ook ons worstel dikwels met die vraag of al die vroomheid en geloof sin maak.

1.5 Geloof het egter 'n geheim. Te midde van teleurstellings en die vraag wie regtig in beheer is, is die kerk (geloof op aarde) nog altyd daar. Wat is die geheim? Vers 25 ontsluit dit: Christus verlos diegene wat deur Hom (Middelaar en Hoëpriester) na die Vader gaan en ons eens en altyd verlos het. Jesus tree nou en hier vir ons – die verlostes – by God in. Dis die geheim van die kerk. Die hele wêreld en kerk is in die intredende hande van die Here.

1.6 Hy gaan voor in gebed.

## 2. KONSTITUERING

### 2.1 Dagbestuur van die SK

Ds EGJdeG Schutte – Voorsitter
Ds ACV van Wyk – Onder-voorsitter
Dr S du Toit - Aktuarius
Ds DW Mouton – Skriba
Ds AC van der Westhuizen
Ds M van Niekerk
Ds MF Steyn
Ds CH van Heerden – DL Finansies

### 2.2 Adviserend

Dr JWJ Viljoen – Direkteur Administrasie

### 2.3 Op uitnodiging

Netwerkbestuurders:

Ds BIC Steyn - BNet en Liturgie
Dr A Oliphant – Diens van Barmhartigheid
Ds E Malan - Familie
Ds JH van Niekerk – Getuienis
Ds WP Petzer – Jeug
Prof PJ Naudé – Navorsing (Verskoning)
Dr JD Prinsloo – Predikantebegeleiding
Mev L Steyn – Vrouelidmate

### 2.4 Lief en leed

2.4.1 Simpatie word uitgespreek teenoor ds Johan van Niekerk wie se vader onlangs na 'n kort siekbed oorlede is.

2.4.2 Die voorsitter verwelkom ds Eugene Malan by sy eerste SK-Dagbestuurvergadering as Netwerkbestuurder vir Familie.

2.4.3 Leedwese word verwoord teenoor ds Ferdi en Ronel Gouws met die onlangse afsterwe van hul seun in 'n motorkaping.

### 2.5 Reiskostevorms

2.5.1 Die DA hanteer die reiskostevorms.

## 3. UITBREIDING VAN DIE SAKELYS

3.1 Die volgende nuwe sake en bylae word op die sakelys geplaas:

7.1 Verslag Netwerkbestuurder Barmhartigheid (Bylaag M)

12.1 Intersinodale kommunikasie (Bylaag N)

Aanbevelings van die netwerkbestuurders (Bylae I, J, K, L, P EN Q) by pt 18.3

20.1 Skrywe RKLAS Humansdorp (Bylaag S)

21.1 Notule Moderatuur 2005-02-02 (Bylaag R)

## 4. GOEDKEURING VAN NOTULES

### 4.1 SK-Dagbestuur 2004-10-28 Bylaag A

**4.1.1 Besluit: Goedgekeur.**

### 4.2 SK 2004-11-25 Bylaag B

**4.2.1 Besluit: Goedgekeur**

**4.2.2 Korreksie**: Die DA wys daarop dat Bylaag I (Berekening van Gemeente-dankoffers 2005-2006 : Veranderlike insette) by die SK-vergadering van 2004-11-25 'n foutiewe syfer bevat. By "Veranderlike insette" moet die verbruikersprys-indeks as ***219.7*** aangedui word.

## 5. SAKE UIT DIE NOTULES

### 5.1 SK Dagbestuur 2004-10-28 Bylaag A

**5.1.1 Uitnodiging: Emeriti-Forum (pt 5.1.4)**

5.1.1.1 Die Emeriti-Forum is uitgenooi na die

vergadering van die SK-Dagbestuur van 14 April 2005.

**5.1.2 Algemene Predikantebyeenkoms (pt 6.3) Bylaag C**

5.1.2.1 Die vergadering neem kennis van Bylaag C (Algemene Predikantebyeenkoms 20-22 Junie 2005) in sy geheel.

5.1.2.2 Gemeentes het reeds hierdie inligting ontvang.

5.1.2.3 Die skriba herinner gemeentes in eNuus aan die Algemene Predikantebyeenkoms aangesien die SK-Dagbestuur dit as 'n belangrike prioriteit beskou.

**5.2 SK 2004-11-25 Bylaag B**

**5.2.1 Streekskonvente (pt 6.4.1)**

5.2.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag R (Notule Moderatuur – dd 2005-02-02 pt 3.1) en neem die volgende **besluite**:
**1. Pt 3.1.1-4 Kennis geneem**
**2. Pt 3.1.5.1 Goedgekeur**
**3. Pt 3.1.5.2 Goedgekeur**

**5.2.2 Patmos (pt 6.4.2) Bylaag D**

5.2.2.1 Kennis geneem van Bylaag D (Skrywe van die Skriba aan Patmos – dd 2004-12-07).

5.2.2.2 Die Ring van Algoa is steeds in gesprek met die gemeente.

**5.2.3 Hulp aan die kerk in Zimbabwe (pt 6.4.3)**

5.2.3.1 Die DA doen verslag dat 'n bedrag van R49,834.00 tot dusver van gemeentes ontvang is.

5.2.3.2 Bespreking van die aanvulling van die bedrag tot R60,000 staan oor tot by pt 19.2.

**5.2.4 Hersiening van Vorm A (pt 6.4.5)**

**5.2.4.1 Besluit: Vorm A is gewysig ooreenkomstig besluit van die SK en word goedgekeur.**

**5.2.5 Aansoek om lidmaatskap - Oos-Kaapse Raad van Kerke (pt 6.4.8)**

5.2.5.1 Die aansoek is ingedien, en die lidmaatskapgelde is vereffen. Die saak is afgehandel.

**5.2.6 Buitengewone sinode 2005 (pt 6.4.13)**

5.2.6.1 Die vergadering bespreek Bylaag R (Notule Moderatuur – dd 2005-02-02 pt 4) en neem die volgende **besluite:**
**1. Pt 4.1 Kennis geneem.**
**2. Pt 4.2.1 Goedgekeur.**

5.2.6.2 Die vergadering bespreek Bylaag S (Versoek tot gewone Sinodesitting 2005 – dd 2005-01-24) en neem die volgende **besluit:**
**Ringe word versoek om sake wat hulle oordeel op die sakelys van die spesiale sinode tuishoort, voor 10 April 2005 aan die ontwerpspan van die sinode, per adres ds Barnard Steyn (bicsteyn@net4all.co.za), vir oorweging deur te gee.**

**5.2.7 Sinodale ritme (pt 7) en Vergaderdatums (pt 18)**

5.2.7.1 Die saak staan oor tot by pt 18.1.

**5.2.8 Besluite Algemene Sinode aan kerkrade (pt 10.1)**

5.2.8.1 Die saak is afgehandel.

**5.2.9 Heffing vir projekkoördinering en projekbestuur (pt 17.4.2.8)**

5.2.9.1 Die saak staan oor tot by pt 18.1

## 6. BEGELEIDINGSNETWERK

**6.1 Standplaasverwisseling en Pastor Pastorum**

6.1.1 Die vergadering bespreek die funksionering van die koördineerder vir standplaasverwisseling (ds Francois Esterhuizen) en die koördineerder vir die pastor pastorum-dienste (dr Leon Steenkamp).

**6.1.2 Besluit: Beide funksies ressorteer onder die Netwerk vir Predikantebegeleiding.**

## 7. BARMHARTIGHEID

**7.1 Verslag van Netwerkbestuurder Bylaag M**

7.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag M (Verslag van die netwerkbestuurder vir Barmhartigheid – dd 2005-01-24) en neem daarvan kennis in sy geheel.

## 8. EKUMENE

**8.1 Bosberaad: UK Konvent vir Eenheid Bylaag E, E.1, E.2, E.3**

8.1.1 Die vergadering hanteer Bylaag E (Notule UK Konvent – dd 2004-12-01) en neem die volgende **besluite** daaroor:
**8.1.1.1 Pte 1.-3.1.2 Kennis geneem.**
**8.1.1.2 Pt 3.1.3 Dr Jan Viljoen word as lid van die navorsingspan aangewys.**
**8.1.1.3 Pte 3.2–8.1 Kennis geneem.**

8.1.2 Die vergadering hanteer Bylaag E.1 (Terugvoer van kleingroepbespreking – dd 2004-12-01) en neem daarvan kennis in sy geheel.

8.1.3 Die vergadering hanteer Bylaag E.2 (Konsensus rondom kerkeenheid – dd 2004-12-01) en neem daarvan kennis in sy geheel.

8.1.4 Die vergadering hanteer Bylaag E.3 (Verklaring van die UK Konvent vir Eenheid – dd 2004-12-01) en neem daarvan kennis in sy geheel.

### 8.2 Terugvoer: Oos-Kaapse Raad van Kerke

8.2.1 Die vergadering bespreek Bylaag R (Notule Moderatuur – dd 2005-02-02 pt 3.4) en neem die volgende **besluite** daaroor:
**8.2.1.1 Pte 3.4.1–3.4.3 – Kennis geneem.**
**8.2.1.2 Pt 3.4.4–Ondersoek deur DA – Goedgekeur.**

## 9. FAMILIE

Geen sake vir bespreking nie.

## 10. GETUIENIS

### 10.1 Kids Games

10.1.1 Ds Johan van Niekerk rapporteer dat meer as 50 mense die opleiding vir Kids Games te Cradock bygewoon het.

## 11. JEUG

Geen sake vir bespreking nie.

## 12. KOMMUNIKASIE

### 12.1 Intersinodale kommunikasie

12.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag N (Intersinodale kommunikasie - dd 2005-01-31) en neem kennis daarvan in geheel.

## 13. LITURGIE

Geen sake vir bespreking nie.

## 14. NAVORSING

Geen sake vir bespreking nie

## 15. PREDIKANTE

Geen sake vir bespreking nie

## 16. VROUELIDMATE

### 16.1 Projekte

16.1.1 Die Netwerkbestuurder wys daarop dat geen projekaansoeke rondom vrouelidmate vir 2005/06 ingedien is nie. Die proses moet opgeskerp word sodat almal weet dat projekaansoeke vir vrouelidmate ingedien kan word. Daar is nie vroue op die ringskommissies nie, sodat die lede spesiale moeite moet doen om die vroue te konsulteer.

**16.1.2 Besluit: Die saak word na die Netwerkbestuurder Vrouelidmate vir toekomstige implementering verwys.**

## 17. BEGROTING 2005/06

### 17.1 Finalisering van die 2005/06 begroting Bylaag O

17.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag O (Begroting vir 2005/6 - ongedateerd) met die oog op die goedkeuring van befondsing vir ringsprojekaansoeke.

**17.1.2 Besluite: Op aanbeveling van die Netwerkbestuurders en na bespreking word die volgende befondsing van ringsprojekte goedgekeur:**

### 1. Ring van Algoa

| | |
|---|---|
| 1.1 Evangelisasie | 11,000 |
| 1.2 Ringskonferensie: roeping vd kerk | 9,400 |
| 1.3 Jeugbediening | 2,000 |
| 1.4 Landswye Predikantekonferensie | 17,000 |
| 1.5 2005 Konvent v NGK-Familie | 0 |
| 1.6 Retraite vir leraars | 3,000 |
| 1.7 Selgroepbediening | 7,500 |
| **Subtotaal 1** | **49,900** |

### 2. Ringe van Burgersdorp en Dordrecht

| | |
|---|---|
| 2.1 Geestelike Familiegewoontes | 0 |
| 2.2 Amosprojek | 25,700 |
| 2.3 Leierskapsontwikkeling | 10,000 |
| 2.4 Streekskonvent: NGK en VGK | 8,550 |
| 2.5 Bekendstelling van sendingpos | 7,000 |
| **Subtotaal 2** | **51,250** |

### 3. Ring van Cradock

| | |
|---|---|
| 3.1 Salarisrekening NGK Noupoort | 20,000 |
| 3.2 Mosambiek-Uitreik | 14,000 |
| 3.3 Streekskonvent: NGK en VGK | 5,000 |
| 3.4 Ringsjeugkamp | 5,000 |
| 3.5 Sin WW Alg Predikanteverg. | 4,000 |
| **Subtotaal 3** | **48,000** |

### 4. Ring van Graaff-Reinet

| | |
|---|---|
| 4.1 Gesamentlike ring NGK en VGK | 13,630 |
| **Subtotaal 4** | **13,630** |

**5. Ring van Humansdorp**

| | |
|---|---|
| 5.1 Retraite vir predikantspare | 8,000 |
| 5.2 Pastorale versorging ringsleraars | 2,250 |
| 5.3 Erediens-werkswinkel | 4,100 |
| 5.4 Retraite vir gemeentelede | 2,000 |
| 5.5 Positiewe ouerskap | 5,000 |
| 5.6 Avontuurkamp-toerusting | 10,000 |
| **Subtotaal 5** | **31,350** |

**6. Ring van Oos-Londen**

| | |
|---|---|
| 6.1 Retraite vir ringspredikante | 13,137 |
| 6.3 CMR-Projekte | 39,601 |
| **Subtotaal 6** | **52,738** |

**7. Ring van Port Elizabeth**

| | |
|---|---|
| 7.1 Samewerking tussen gemeentes | 4,640 |
| 7.2 Netwerk vir missionêre kerke | 40,000 |
| **Subtotaal 7** | **44,640** |

**8. Ring van Port Elizabeth-Wes**

| | |
|---|---|
| 8.1 Wêreldsending-Konferensie | 10,000 |
| 8.2 Jeugkamp | 7,600 |
| **Subtotaal 8** | **17,600** |

**9. Ring van Sondagsrivier**

| | |
|---|---|
| 9.1 Matriekwegbreek | 4,500 |
| 9.2 Skoolverwisselingskamp | 5,000 |
| 9.3 Gebedsevangelisasie | 0 |
| 9.4 Jesusfilm-uitreike | 20,000 |
| 9.5 Sopkombuis | 3,000 |
| 9.6 Lofprysingsopleiding | 4,000 |
| 9.7 Leraarsretraite | 8,000 |
| 9.8 CAD | 5,000 |
| 9.9 Straatkinderprojek | 15,000 |
| 9.10 AZMR | 10,000 |
| 9.11 Webwerf | 0 |
| 9.12 Sending - Cala | 0 |
| **Subtotaal 9** | **74,500** |

**10. Ring van Uitenhage**

| | |
|---|---|
| 10.1 Xtreme Adventures | 10,000 |
| 10.2 Sopkombuis | 20,000 |
| 10.3 Tuinbou-projek | 20,000 |
| **Subtotaal 10** | **50,000** |

**11. Ring van Albanie**

| | |
|---|---|
| 11.1 Ringsbegeleiding | 31,550 |
| **Subtotaal 11** | **31,550** |

**12. Ring van Queenstown**

| | |
|---|---|
| 12.1 Judea Harvest tentprojek | 20,000 |
| **Subtotaal 12** | **20,000** |

**GROOTTOTAAL 485,158**

17.1.3 Daarmee is die begroting vir 2005/6 afgehandel.

**17.2 Befondsing van projekte in breë kerkverband Bylaag F**

17.2.1 Die vergadering bespreek Bylaag F (Befondsing van projekte in breë kerkverband - dd 2005-01-16) en neem daarvan kennis in geheel.

## 18. RINGSPROJEKTE 2005/06

**18.1 Die bestuur van Ringsprojekte Bylaag G, G.1**

18.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag G (Die bestuur van ringsprojekte – dd 2004-12-10) en neem daarvan kennis in sy geheel.

18.1.2 Die vergadering bespreek Bylaag G.1 (Die bestuur van Ringsprojekte Skedule - dd 2004-12-10) en neem daarvan kennis in sy geheel:

**18.1.3 Besluite:**
**18.1.3.1 Die opstel van ‘n beleidsdokument rondom die bestuur van ringsprojekte word verwys na die moderatuur, netwerkbestuurder BNet en die DA.**
**18.1.3.2 Die formulering van ‘n sinodale ritme waarin die geïdentifiseerde leemtes in die bestaande ritme (Notule SK 2004-11-25 pt 7) en die beleid rondom projekaansoeke verreken word, word ook aan bogenoemde groep opgedra. Die moontlike hersiening van die 2005 vergaderdatums is hierby ingesluit.**

18.1.4 Die vergadering bespreek Bylaag R (Notule Moderatuur - dd 2005-02-02 pt 5.1) en **besluit om**
**18.1.4.1 as riglyn ‘n heffing van 5% op die beskikbare bedrag vir ringsprojekte in te stel met die oog op projekkoördinering en projekbestuur, en**
**18.1.4.2 die bedrag van 2005/6 op R30,000 vas te stel.**

18.1.5 Hiermee is pte 5.2.7 en 5.2.9 van die sakelys ook afgehandel.

**18.2 Hantering van die aansoeke vir ringsprojekte 2005/06 Bylaag H**

18.2.1 Bylaag H (Besluite en reëlings Netwerk-

bestuurders - dd 2004-12-07) dien en daar word in sy geheel daarvan kennis geneem.

### 18.3 Aanbevelings van Netwerkbestuurders rondom Ringsprojekte Bylae I,J,K,L,P,Q

18.3.1 Die volgende bylae wat die aanbevelings van die Netwerkbestuurders oor die projekaansoeke bevat, dien voor die vergadering:
18.3.1.1 Bylaag I - Getuienis - Kennis geneem.
18.3.1.2 Bylaag J - Liturgie en fasilitering - Kennis geneem.
18.3.1.3 Bylaag K - Predikantebegeleiding - Kennis geneem.
18.3.1.4 Bylaag L - Barmhartigheid - Kennis geneem.
18.3.1.5 Bylaag P - Jeug - Kennis geneem.
18.3.1.6 Bylaag Q - Familie - Kennis geneem

### 18.4 Goedkeuring van ringsprojekte

18.4.1 Die goedkeuring van befondsing vir ringsprojekte is afgehandel by pt 18.1.

**18.4.2 Besluite:**
**18.4.2.1 Die DA kommunikeer die goedgekeurde befondsing van die ringsprojekte aan die onderskeie ringskommissies.**
**18.4.2.2 Die moderatuur neem verantwoordelikheid om ringskommissies te ontmoet en toe te rus met die oog op effektiewe projekbeplanning en projekbestuur (SK 2005-11-25 pt 9.2)**

## 19. FINANSIES EN ADMINISTRASIE

### 19.1 Hersiening van 2005 vergaderdatums

Afgehandel by pt 18.1.3.2.

### 19.2 Bemaking Boedel Wyle L Janse van Rensburg

19.2.1 Die DA rapporteer dat ‘n bedrag van R30,000 uit die boedel van Wyle L Janse van Rensburg ontvang is.

19.2.2 Hy adviseer dat die uitstaande verpligting ten opsigte van die sinodale bydrae vir die kerk in Zimbabwe uit genoemde bemaking betaal word.

**19.2.3 Besluite:**
**19.2.3.1 Goedgekeur dat die Janse van Rensburg boedel gebruik word om die sinodale bydrae vir die kerk in Zimbabwe (2004/5) tot R60,000 aan te vul.**
**19.2.3.2 Indien gemeentebydraes na die aanvulling ontvang word, sal dit gebruik word vir die sinode se bydrae van R60,000 vir 2005/6.**
**19.2.3.3 Die skriba versoek gemeentes om weer ‘n kollekte met die oog op ons bydrae op te neem.**

19.2.4 Hiermee is pt 5.2.3 op die sakelys ook afgehandel.

## 20. KORRESPONDENSIE

### 20.1 Skrywe RKLAS Ring van Humansdorp Bylaag S

20.1.1 Die saak is afgehandel by pt 5.2.6.2.

## 21. ANDER SAKE

### 21.1 Notule Moderatuur Bylaag R

21.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag R (Notule Moderatuur - dd 2005-02-02).

**21.1.2 Besluite:**
**21.1.2.1 Pte 1-2 - Kennis geneem.**
**21.1.2.2 Pte 3-3.1.5.2 Streekskonvente - Kennis geneem.**
**21.1.2.3 Pt 3.3 - Lidmaatskap ECPCC - afgehandel by pt 5.2.5 op die sakelys.**
**21.1.2.4 Pt 3.4-3.4.4 Konferensie kerkgrond hervorming - afgehandel by pt 8.2.1.**
**21.1.2.5 Pte 4-4.1 Buitengewone sinode - Kennis geneem.**
**21.1.2.6 Pt 4.2 Ontwerpspan - Goedgekeur.**
**21.1.2.7 Pt 5.1 Heffing - Afgehandel by pt 18.1.4 op die sakelys.**
**21.1.2.8 Pt 5.2 Kapasiteit skriba - Goedgekeur.**
**21.1.2.9 Pte 5.3-5.3.2 - Hofmeyr - Kennis geneem.**
**21.1.2.10 Pt 5.4 Patmos - Kennis geneem.**
**21.1.2.11 Pte 5.5-5.5.3 Kerkspieël 2004 - Goedgekeur, met dien verstande dat die begroting van R4,000 gelykop verdeel word tussen die begroting vir visionêre leierskap en navorsing.**
**21.1.2.12 Pt 5.6 Kerklike inseëning: huwelike - Kennis geneem, en word deurgegee na die Ring van Humansdorp.**
**21.1.2.14 Afsluiting - Kennis geneem.**

## 22. VOLGENDE VERGADERING

22.1 Die SK-Dagbestuur vergader weer op 14 April 2005.

22.2 Die volle SK vergader op 19 Mei 2005

## 23. AFSLUITING

Ds Eugene Malan sluit die vergadering met gebed af.